

Donderdag 14 September

Skrifgedeelte: Eksodus 12:3-13

Fokusgedeelte: Eksodus 12:11

Die Nagmaal – ’n systap of ’n vasvat?

Die gebeurtenis waarvan jy so pas gelees het, staan bekend as die Pasga. Dit het die jaarlikse Paasfees van die Jode geword. Die woord beteken om verby te gaan (“to pass over”). Die fees vier dan die feit dat God by hulle huise verbygegaan het, oftewel anderpad gekyk het.

Die Hebreuse woord beteken ook iets anders. Dit beteken dat God by hulle huise vertoef het; gaan stilstaan het. Dan het dit die betekenis dat God by hulle gaan stilstaan het en hulle en hulle kinders daadwerklik verlos en beskerm het (dieselfde geld in vs 23). Sê dit nie soveel meer nie? Dit getuig dat God hulle met liefde, maar ook met sy krag afgeskerm het van die dood! Dit getuig dat Hy in hulle midde was. Daarom het hulle gereed gestaan – nie soseer net om te vlug nie – maar ook om die Here te ontvang! Let wel: Die woord wat in vers 13 vertaal word met verbygaan, is dieselfde woord vir pas-ga en kan net so goed vertaal word met stilstaan (sal Ek by julle kom stil-staan). Die Pasga het sy vervulling in die kruisiging van Christus – dié Paas-lam wie se bloed die sondedood afgeweer het.

As ons Nagmaal vier, moet ons raaksien dat dit nie maar net daar-oor gaan dat God in sy oordeel by ons verbygaan nie. Die brood en die beker getuig nie alleen dat Jesus vir ons geoffer is sodat God ons vergewe en anderpad kyk nie. Die Nagmaal getuig van ’n baie ryker en troosvolle waarheid. Die Nagmaal getuig van God wat by ons kom stilstaan; wat ons met liefde in sy Vaderlike sorg en beskerming toevou. Jesus getuig daarvan: My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie (Joh.10:29).

Die Heilige Gees wil jou aan die Nagmaalstafel verseker dat God by jou kom stilstaan – om jou te beskerm en jou as sy kind in sy sorg te neem!

Sing: Ps. 145:10, 11

Ds. CJ (Christo) van Vuuren (Hartbeespoort)